

15 FEBRUARIE

SKRIFGEDEELTE: 1 KONINGS 8:54-66
FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 8:60, 61

Kan ons die waarheid van een ware God aanvaar?

Miskien klink hierdie opskrif darem baie eenvoudig, selfs algemeen en vanselfsprekend. Ons bely mos al lankal dat die drie-enige God die enigste ware God is. Ja, maar partykeer is dit juis oor hierdie eenvoudige dinge waaroor ons kan struikel. Om te aanvaar ons God is die enigste God, is nooit vanselfsprekend nie. Dit mag nie wees nie. Ons leef in 'n land en in 'n wêreld waar hierdie saak nie algemeen as 'n waarheid aanvaar word nie. Ons kan selfs nie meer aanvaar dat almal wat ons teëkom, Christene is nie. Dalk is daar mense in ons gemeentes wat hierdie saak nog nie hul eie gemaak het nie. Daarom dien hulle God nie met 'n opregte hart nie.

In ons gelese gedeelte seën Salomo die volk met die ryke seën van die Here se hulp en nabyheid, maar dan kom hy in vers 60 met die belangrike uitspraak dat die nasies sal bely dat daar net een God is. Wat verder belangrik is, is dat die volk die belydenis ook eers hul eie moet maak (vs. 61). Hulle moet dit vas glo, dan eers sal hulle met volle oorgawe, met hul hele hart en krag, hierdie God kan dien en gehoorsaam volg. Let op met watter oorgawe die volk offergawes uit dankbaarheid vir God gebring het.

Is dit nie waar die passiwiteit in sommige van ons kerke vandaa kom nie? Dat ons nie met volle oorgawe bely dat die drie-enige die enigste God is nie? Mag die Heilige Gees ons oortuig van die liefde van God en ons hartlik opwek om Hom met oorgawe as die enigste God te dien.

Sing: Psalm 104:1-3

Ds Louis Buys (Rustenburg-Wes)